Titel: Moenie die deksel oplig nie!
Pastoor: Lucille May
Datum: 17 Augustus 2008
Tyd: 19h15

Profetiese prentjie:

Josua 3:17
17 Maar die priesters wat die verbondsark van die HERE gedra het, het onbeweeglik bly staan op droë grond binne-in die Jordaan, terwyl die hele Israel op droë grond deurtrek, totdat die hele volk die deurtog deur die Jordaan voleindig het.

Twee vervalste salwings:

I Johannes 2:26-27
26 Dit het ek aan julle geskrywe met betrekking tot die wat julle mislei. 27 En die salwing wat julle van Hom ontvang het, bly in julle, en julle het nie nodig dat iemand julle leer nie; maar soos dieselfde salwing julle aangaande alles leer, so is dit ook waar en geen leuen (**onvervals**) nie; en soos dié julle geleer het, so moet julle in Hom bly.

Eksodus 25:10, 17-18, 21-22
10 Hulle moet dan 'n ark van akasiahout maak. Twee en 'n half el moet sy lengte, en anderhalf el sy breedte, en anderhalf el sy hoogte wees.
17 Maak ook 'n **versoendeksel** van suiwer goud. Twee en 'n half el moet sy lengte, en anderhalf el sy breedte wees. 18 Maak ook twee gérubs van goud. Van dryfwerk moet jy hulle maak, aan die twee ente van die versoendeksel.
21 En sit die versoendeksel bo-op die ark; maar in die ark moet jy die **Getuienis** neerlê wat Ek aan jou sal gee. 22 **Ek sal met jou praat van die versoendeksel af**, tussen die twee gérubs uit wat op die ark van die Getuienis is. Ek sal jou alles sê wat jy vir die kinders van Israel moet beveel.



Vervalste salwing 1:

I Samuel 2:12
12 Maar die seuns van Eli was deugniete; **hulle het nie die HERE geken nie**.

Mattheus 7:22-23
22 Baie sal in daardie dag vir My sê: Here, Here, het ons nie in u Naam geprofeteer en in u Naam duiwels uitgedrywe en in u Naam baie kragte gedoen nie? 23 En dan sal Ek aan hulle sê: **Ek het julle nooit geken nie**. Gaan weg van My, julle wat die ongeregtigheid werk!

I Timotheus 4:2
2 Hierdie dwaalleraars is skynheilige leuenaars wie se gewete **toegeskroei** is.

I Timotheus 1:19
19 en aan die geloof en ‘n goeie gewete vashou. Sommige het dit van hulle weggestoot en aan die geloof **skipbreuk gely**.

I Samuel 4:11
11 **Die ark van God is ook gevat**, en die twee seuns van Eli, Hofni en Pínehas, het **gesterwe**.

I Samuel 2:17
17 En die sonde van die jongmanne was baie groot voor die aangesig van die HERE, want die **mense het die offer aan die HERE verag**.

Bet-Semes

I Samuel 6:19
19 En Hy het onder die mense van Bet-Semes ‘n slagting aangerig; Hy het naamlik onder die volk sewentig man en vyftig duisend man gedood, **omdat hulle binne-in die ark van die HERE gekyk het**; en die volk het getreur, omdat die HERE ‘n groot slagting onder die volk aangerig het.

II Korinthiërs 3:6b
6 …die letter maak dood, die Gees maak lewend.

Vervalste salwing 2:

Romeine 8:15
15 Want julle het nie ontvang ‘n **gees van slawerny** om weer te vrees nie, maar julle het ontvang die Gees van aanneming tot kinders, deur wie ons roep: Abba, Vader!